EKSODUS 10:1-12 NGK MIEDERPARK 3/1/10
Tema: GEHOORSAAMHEID! "HOE LANK NOG...?" Ds Okkie Cilliers

Hierdie is 'n harde en dringende woord wat die Here my gegee het.

'n Tagedie is besig om homself hier af te speel. Die farao is oor en oor gewaarsku dat hy op 'ramp afstuur en hy wou nie hoor nie. Moses het herhaaldelik met hom gepraat (hoewel daar staan dat "God sy hart verhard het") maar hy het gekies om sy eie pad te gaan. Die Here het nie sy hart hart gemaak God 'n sadis is nie, maar omdat farao gekies het om nie te luister nie. Hy kon nie bekostig om na Moses en sy God te luister nie, want die farao was in sy eie en die volk se oë 'n god – en hoe sou dit nou lyk as hy na 'n ander God luister!? As hy dit sou waag, was alles waarvoor die egiptiese farao's vir duisende jare gestaan het, daarmee heen en die godsdienstige *empire* wat met die tempels en priesters gebou is, moes summier stop. Sy amptenare (ongelowiges!) het hom ook gewaarsku (vers 7) maar hy kon ook nie waag om na hulle te luister nie. Farao se reputasie is besig om te gaan, want as god moes hy vir die mense en die land sorg – en nou moet hy erken daar is 'n Mag wat groter is as hy en hy kan nie vir die land sorg nie! Farao was nie *stupid* nie en hy het geweet dat dit nie 'n ding tussen hom en Moses is nie, maar tussen sy god en Moses se god – en hy **kies** om nie na die lewende God te luister nie en eerder sy eie ding te doen.

Dis twee woorde wat baie in Christene se woordeskat voorkom: *gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid*. Dis seker ook die twee woorde wat die meeste misverstaan word – deels uit moedswilligheid en deels uit onkunde.

- **Mense dink hulle is gehoorsaam as hulle 'n paar dinge reg doen en dink hulle is ongehoorsaam as hulle 'n paar dinge verkeerd doen.**
- **Mense dink as hulle ongehoorsaam is, kan hulle 'n paar dinge reg doen en dan kanselleer dit hulle ongehoorsaamheid uit.**
- **Mense dink ook dat 'n bietjie ongehoorsaamheid nie so erg is nie en dat daar nie regtig iets dramaties gaan gebeur nie.**

Kortom; mense het hulle eie idees oor gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid.

'n Paar dinge moet baie duidelik gesê word. Eerstens dat ons hier met God te doen het en dit haal alle ander slimmighede uit die prentjie! God het sy standaarde wat Hy stel en dit is ononderhandelbaar. Eintlik is die saak eenvoudig: *as jy gehoorsaam is, sal Hy jou seën; as jy nie gehoorsaam is nie, het jy ongelooflike groot probleme.* Jy saai wat jy oes.

Kom ons begin met 'n paar definisies: Gehoorsaamheid het niks te doen met 'n klomp reëls wat nagekom moet word nie. Daar is regtig mense wat dink gehoorsaamheid lê in die regte klere wat gedra moet word, die regte taal wat in die kerk gepraat moet word, die regte soort musiek wat gesing moet word; die korrekte prosedures wat gevolg moet word; hoe hard die klank moet wees... Hierdie goed het absoluut niks met gehoorsaamheid uit te waai nie.

- **Gehoorsaamheid is om presies te doen wat die die Bybel vir jou sê om te doen. "**Ek is gehoorsaam aan God omdat ek Hom liefhet en tot sy eer wil leef." Dit is wat Moses gedoen het: as God 'n ding gesê het, het hy dit gedoen.

Dis so eenvoudig dat die meeste mense dit nie kan verstaan nie. (Die probleem kom in dat mense nie die Bybel ken nie en dan allerhande redenasies het oor wat hulle voel en wat hulle dink die Bybel sê.)
Wat is dan die definsie van ongehoorsaamheid? Let daarop dat ‘n heiden wat die Here nie ken nie, se definisie anders is as ‘n kerkmens s’n. Want heidene (soos die farao) is in hul wese ongehoorsaam, al doen hulle niks verkeerd nie want hulle ken nie die Here nie. Daarom dat die Bybel sê God het “farao se hart verhard” – dis nie God wat dit doen nie, maar die farao self omdat God nie in sy lewe is nie.
Christene daarenteen weet wat is reg, maar kan baie ongehoorsaam wees en dit het verskriklike gevolge.

- **Ongehoorsaamheid is eenvoudig om nie te doen wat die Bybel vir jou sê om te doen nie.** Ongehoorsaamheid is om God te haat. Dis wat farao gedoen het: die Here het gepraat, maar hy het verkies om dit nie te doen nie.

Ook dit is so eenvoudig dat mense dit nie kan verstaan nie, want hulle dink hulle ongehoorsaamheid is nie die van die heidene nie! *Ongehoorsaamheid gee voor dat ons meer en beter weet as wat God weet.* Ongehoorsame mense dink hulle het God lief.

Kom ons kyk na die tragiese gebeure in die farao se vete met Moses. Eers was dit ‘n versoek maar later word dit ‘n opdrag: die Jode moet trek! Let mooi op: **gehoorsaamheid is ‘n spesifieke ding omdat daar ‘n spesifieke opdrag is!** Die Here praat nie in algemene terme nie. Ongehoorsaamheid wil die opdrag uitrafel en in algemene terme omskryf sodat daar vir ons uitkomkans kan wees en ons rondom die ding kan redeneer – ons wil gate skep en maak asof die opdrag nie duidelik is nie. Selfs iemand met ‘n baie beperkte kennis van die Bybel weet presies wat die Here van hom verwag om te doen; en hy weet onmiddellik as dit nie gebeur nie - hy weet ook presies wat die dinge is wat in ongehoorsaamheid gedoen word.

- Sonder om doekies om te draai: waaraan herinner die Here jou nou? Jy weet presies wat die dinge is wat nie tot sy eer is nie.

Daarom dat die vraag aan farao gevra word: “Hoe lank gaan jy nog weier om na My te luister?” Tussen die woorde lê bedekte en openlike dreigemente: “Ek het na jou geklap met al die plae; Ek het jou gewaarsku; Ek het met jou gepraat… Maar jy loop jou eie pad! Wat moet nog gebeur voordat jy gaan luister? Jy stuur op ‘n ramp af”

- En skielik is ek die farao. Ek (en jy) is die een wat hierdie woorde van God moet aanhoor: “Hoe lank nog?”

Wat maak die farao? Hy redeneer hieroor en hy speel vir tyd! (Kyk na verse 8-11.) Hy het allerhande argumente oor hoekom hy nie sy dikkopigheid kan los nie! En die argumente wat hy voorhou, is nie goed wat sommer net uit die lug gegryp is nie – dis wettige en baie goeie argumente! Want die Jode is slawe en die hele egiptiese ekonomie is op die Jode se werk gebou. As die Jode trek, stort die ekonomie in duie en dit kan farao tog nie toelaat nie! Selfs toe hy op ‘n punt begin besef dat sy opsies uitloop en dat hy op ‘n verskriklike ramp afstuur, **het hy halfpad** begin toegee: die mans kan trek, maar hulle moet terugkom. Maar halfpad is nog nie gehoorsaamheid nie!

Farao het toe nie in Moses se tyd uitgesterf nie want hy is vandag springlewendig in die gemeente! Ons redeneer, speel vir tyd en loop die pad halfpad. Die Here praat duidelik oor wat ons moet doen en ons probeer ons daaruit wikkel met argumente en halfpad die ding doen: "Dis so swaar om dit te doen… ek het so seer gekry… ek kan dit nie regkry nie… ek het al probeer… eendag gaan ek nog die moed bymekaar skraap om dié ding uit te sorteer… niemand verstaan my nie…" En so gaan ons sukkel-sukkel aan om halfpad die pad met die Here te loop. Ons speel vir tyd en dink God is nie ernstig nie!

- "Hoe lank gaan jy nog vat om voor My te buig?"

Ongehoorsame mense glo altyd dat dit wat hulle doen reg is (of dalk net so bietjie verkeerd is) en <u>onder omstandighede</u> is dit die beste wat gedoen kan word. Dit is veral waar van mense wat aanhou om ongehoorsaam te wees. Paulus stel dit verskriklik sterk in 2 Tim 3:13. Ongehoorsaamheid is selfbedrog en dit word net erger: hy mislei homself en ook ander.

As jy ongehoorsaam is, word dit al hoe moeiliker om tussen die leuen en die waarheid te onderskei omdat jy daaroor redeneer. Dit word al hoe makliker om jouself te glo dat jy nie ongehoorsaam is nie en onder omstandighede nie anders kan as wat jy nou doen nie.

- 'n Mens wat die Here se stem gehoor het maar ongehoorsaam geraak het, se hart word kliphard, kry verskonings en pak die skuld op ander mense!

Jy kan nie saam met die Here trek as jy ongehoorsaam is nie! Daar is geen manier waarop jy God gaan paai deur met die een hand te redeneer, maar met die ander hand maak jy wat jy wil nie.

Die werklikheid slaan al hoe harder: "Ek is die farao!" En die Here se woorde donder al hoe harder: "Hoe lank gaan jy nog vat om voor My te buig?" Ongehoorsaamheid maak van jou 'n mens wat dink jy weet beter as God en jou sonde is nie so ernstig nie. Kyk mooi wat het farao gemaak: toe dinge te warm word het hy Moses weggejaag en daarmee vir God self die deur gewys. Ons doen dieselfde as die farao: met ons slim stories, redenasies en argumente jaag ons vir God weg! ***Farao het God geïgnoreer en toe jaag God hom weg!*** (Daarom dat ek as predikant nie die minste skuldgevoelens het as iemand my wegjaag of uit die gemeente loop omdat hy oor sy sondes gekonfronteer is nie.)

- God is dodelik ernstig oor gehoorsaamheid.

Wat is die gevolge van ongehoorsaamheid? Wat is die gevolge van gehoorsaamheid? Eintlik is dit verskriklik eenvoudig! As jy doen wat die Woord van die Here vir jou sê om te doen, sal die Here jou seën (Mat 6:33). Jy hoef nie daaroor te redeneer nie en nog minder daaroor te wonder – *God sal jou eer as jy Hom eer.* Dis wat met Moses gebeur het: hy saai God se Woord en hy oes God se krag. Kyk goed na verse 1-2: as jy praat en doen wat God se Woord sê, sal jy en jou kinders daardeur geseën word. (Moses het dit so goed gedoen dat ons vandag nog die vrugte van sy gehoorsaamheid pluk!)

As jy dit nie doen nie, laat jy soos die farao magte in jou lewe los wat jy nie kan hanteer nie en as jy daarmee volhard, gaan God op jou uitstap. Verbeel jou jy bly in 'n woonbuurt waar dit rof gaan en elke nag word motors gesteel, by huise ingebreek en vrouens verkrag. Iewers in die donker is 'n skurk wat vir jou loer en jou wil seermaak. Tog vergeet jy om jou voordeur te sluit en elke nag laat jy dit wyd oop staan... Jy is heeltemal kranksinnig as jy dit doen. En tog doen ontelbare mense juis dit as hulle die deure van hul

lewens vir die skurk/duiwel oophou en laat hulle hom toe om hulle rot en kaal te besteel. Mense doen dit omdat hulle ongehoorsaam is; hulle maak deure in hulle lewens oop en Satan kom in en hy vat die een ding na die ander, breek dit op tot niks oor is nie en gooi jou dan weg! Oop deure skop ander deure oop... jou besittings word aangeval en dinge breek/raak weg; mense loop jou in; jou gesondheid ly daaronder; jou verhoudings loop skeef en breek op; jou finansies word aangeval; jou oordeel laat jou in die steek; jy kan nie meer Bybel lees nie; jy wil nie meer kerk toe kom nie; jou humeur ruk hande uit... Sprinkane het farao se land opgevreet en op die einde was hy die oorsaak dat sy kind en ander mense se kinders dood is.

Jy kan jou ongehoorsaamheid mooi woorde gee (”die Here is net so min hierin... vers 10”), die skuld op ander pak (”dis Moses/die amptenare se slegte raad/ pa/ma/predikant/meisie... se skuld”), en pragtige intensies hê (”ek gaan dit nog eendag regmaak en dan vir die Here ’n fees hou...”) maar jy sal nie die seën van die Here beleef as daar ’n stuk ongehoorsaamheid in jou lewe is nie! Jes 59:1-2 is verdoemend duidelik hieroor.

- Wat lê die Here nou op jou hart? Wat wys die Heilige Gees nou vir jou uit wat jy vandag nog moet regmaak? Jy weet presies wat dit is!

Soos Moses donder ek dit vir ons uit: *Hoe lank nog voordat ons aan die Here gehoorsaam sal wees?* As jy die sonde doodmaak, sal die Here jou seën. As jy dit nie doen nie, sal die deure mettertyd so oop staan dat jy God nie meer gaan hoor nie – jy sal baie vroom oor God bly praat, maar God sal op jou uitstap. (Heb 10:29,31).

Maar ons het ook (Goddank!) met ’n genadige God te doen! Kyk mooi na Ps 51:18-19. ”Genade” beteken dat die Here sonde toemaak. Hierdie saak moet baie goed verstaan word: ongehoorsaamheid maak deure in jou lewe oop en dit klap jou teen die grond, **maar dit neem nie jou status as kind van God weg nie.** Goddank daarvoor, want anders was ons almal in die hel! 1 Joh 2:1-2 verduidelik dit mooi.

- Gehoorsaamheid het niks met reels te doen nie: ek is gehoorsaam omdat ek God liefhet. Anders haat ek God!

Let daarop dat ongehoorsaamheid nie sommer net verdwyn nie en oop deure gaan nie vanself toe nie. Gehoorsaamheid het ’n prys:

1. Dis nie goedkoop nie want jy gaan dalk geld en mense waaraan jy lank gewerk het, soos die farao verloor en jou reputasie kan op die spel kom.
2. Jy sien jou ongehoorsaamheid soos God dit sien – dis rebellie en opstand teen God. Ongehoorsaamheid word reg gemaak deur sondeberou!
3. Jy bely dit. Jy smeek God om vergifnis.
4. Jy stap weg van jou ongehoorsaamheid – jy maak ’n ooreenkoms met die Here dat dit nou-en-hier stop! Op hierdie manier maak jy die deure in jou lewe toe. Moenie jouself soos farao bluf en dink die Here sal nie uitstap nie omdat dit in die verlede nie gebeur het nie – die verlede sê niks; jy maak *vandag* ‘n ooreenkoms.
5. Jy verklaar jouself gehoorsaam aan die Here. Op hierdie manier maak jy God se deure in jou lewe oop!

Dit is die enigste lewe wat God sal seën. (Doen bogenoemde dinge prakties in gebed.)
Amen.

LITURGIE 3/1/10

1. AFKONDIGINGE
   Aanddiens 10/1
2. VOTUM
   Wat jy sê is wat gebeur, want woorde het mag! Spreek God se beloftes oor jou lewe uit!
   > Ek sal voor jou uitgaan en hoogtes gelykmaak. Ek sal ysterhekke voor jou oopbreek en vir jou skatte gee wat in die donker weggesteek word... sodat jy kan weet dat ek die Here is, dat ek jou op jou naam geroep het (Jes 45:2-3).
3. SEëNGROET
   "Die Here Jesus sal vir julle sy genade gee, die Vader sal vir julle sy liefde gee en die Heilige Gees sal altyd by julle bly" (2 Kor 13:13).
4. GEBED
5. LOFLIEDERE
6. SKRIFLESING EN PREEK
   Eks 10
7. DANKOFFER
8. SLOTSANG
9. SEëN
   (Weergawe in Hebreeus)
   Die Here sal julle seën en julle beskerm.
   Die Here vir julle goed wees en julle sy genade gee.
   Die Here sal aan julle goed doen en julle sy vrede gee (Num 6:23-24